NWK PERSVERKLARING

Hoëgehalte rugby in die hartjie van die platteland

Die o/16 rugbyspanne van skole uit ses provinsies neem vanaf 29 Maart deel aan Hoërskool Lichtenburg se o/16-Rugbyweek.

Die hoërskole wat aan dié groot sportgebeurtenis gaan deelneem, is: Hoërskool Lichtenburg, Ermelo, HTS Witbank, Jeugland (Kempton Park), Driehoek (Vanderbijlpark), Hans Merensky (Tzaneen), Oakdale (Riversdal) en Sentraal (Bloemfontein).

Vanjaar is die kompetisie sterker as verlede jaar. “Al die deelnemende spanne het ten minste al in die semifinaal van hul provinsie gespeel of deurgedring na die finaal van hul provinsie. ‘n Paar was selfs al provinsiale kampioene,” het Koot Booysen (sporthoof: Hoërskool Lichtenburg) gesê.

Koot sê dat ondersteuners dié week – wat in 2009 ontstaan het – nie kan misloop nie. “Dit is nie aldag wat ‘n mens dié klas van rugby op die platteland kry nie,” het hy bygevoeg.

Sportontwikkeling lê Santam Landbou baie na aan die hart. Daarvandaan die besluit om in samewerking met NWK by dié sportgebeurtenis betrokke te raak. ”Santam Landbou, wat bate- en oesversekering doen, wil reeds van vroeg af hul beeld by die jeug vestig,” verduidelik Hannes du Plessis (bestuurder: Bemarking en Besigheidsontwikkeling, Santam Landbou). Volgens Hannes was verlede jaar se Rugbyweek baie suksesvol.

Danie Marais (besturende direkteur: NWK) sê dit is ‘n voorreg om by so ‘n week betrokke te wees. Hy het verlede jaar die bydrae wat dié seuns tot die gemeenskap maak, soos volg opgesom: “Gebalanseerde, afgeronde mense met ‘n goeie en opbouende houding is dié mense wat bydra tot die toekoms van ons land.” Santam Landbou en NWK beoog om die toernooi ‘n jaarlikse instelling te maak.

‘n Hele paar ontspanningsaktiwiteite word vir die seuns beplan – ‘n rugbyvasvrae-aand, skopkompetisie asook ‘n uitstappie na Sun City. Die toeskouers kan uitsien na ‘n aksievolle karnavalweek. ’n Biertent, snoepwinkel, speelpark vir die kinders, asook kunstenaars wat gaan optree, is van die vermaak wat by Hoërskool Lichtenburg van 29 Maart tot 1 April te wagte kan wees.

Vir die volledige Rugbyweekprogram besoek NWK se webtuiste by *www.nwk.co.za*

Navrae: Johan Bezuidenhout
Bestuurder: Korporatiewe Bemarking, NWK
Tel: +27 18 633 1368
jbezuidenhout@nwk.co.za

Uitgereik deur Infoworks op 15 Maart 2010
Ruth Davies
Tel: +27 18 468 2716
ruth@infoworks.biz

www.nwk.co.za